Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God
sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op יהוה vertrou. Ps.40:3.

Onpartydige Opregtheid

.

Wat is יהוה se onpartydige opregtheid? Dit is die vraag wat in hierdie skrywe beantwoord sal word. In die 1933 Afrikaanse vertaling, asook in baie ander vertalings, word onpartydige opregtheid vertaal as "geregtigheid" ("righteousness"), 'n term waarmee die meerderheid gelowiges bekend is. Maar word die ware betekenis korrek verstaan?

Ons lees in 2Kor. 5:21[1] aangaande Yeshua die volgende:

> Want Hy wat geen sonde geken het nie, het Homself in jou plek 'n sondoffer gemaak sodat ons deur Hom, die onpartydige opregtheid van God kan word.

Wanneer jy volgens Rom. 10:9-10 met jou hart (verstand, wil en emosie) vertrou en met jou mond bely dat Yeshua die eenmalige sondoffer was, word jy die onpartydige opregtheid (geregtigheid) van יהוה in Yeshua, dié Gesalfde Een. Jou vertroue en belydenis wis jou sondeskuld onmiddelik uit en jy staan as vry van sondeskuld voor God. Jy is vrygespreek van alle aanklagte en die vonnis, naamlik die loon van die sonde wat die dood is (Rom. 6:23), is opgehef. Jy is 'n nuwe mens, want jy is wedergebore!

> Alles wat daarom in eenheid met dié Gesalfde Een is, is 'n nuwe skepping, die ou orde het daarmee verbygegaan. 2Kor. 5:17.

Jou ou lewe van ongehoorsaamheid (sonde) is op daardie oomblik uitgewis en alles het nuut geword. Dit beteken jou gemoed moet vernuwe word om te dink, te praat en te doen volgens יהוה jou God enVader. Jy is egter `n "geestelike baba" en moet nou "opgevoed" word om te weet wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van jou Vader is (Rom. 12:2), naamlik om voortaan onpartydig en opreg te lewe. Jy moet geleer word wat יהוה se onpartydige opregtheid alles behels en dit ywerig doen, sodat jy kan lewe soos iemand wat vrygespreek is en dus vir die sonde dood is (Rom. 6:11). Jy moet nie toelaat dat die sonde langer oor jou heers nie, en ook nie jouself beskikbaar stel as wapens vir boosheid tot sonde nie (Rom. 12-13).

Deur die onverdiende guns in Yeshua is jy met Vader-God versoen. Dit is egter jou verantwoordelikheid om voortaan as onpartydig en opreg, naamlik as 'n vrygespreekte van sonde, te leef, want jy wil in alles gehoorsaam wees en nie weer skuldig wees weens

---

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

moedswillige sonde nie, en dus die verhouding met jou Vader versteur nie. Jy wil ook nie meer ‘n slaaf van die sonde wees nie, maar ‘n dienskneg van die Allerhoogste. Jy wil jou liggaam aan יהוה beskikbaar stel as ‘n lewende, afgesonderde en aanvaarbare offer (Rom. 12:1).

As gehoorsame kind in die huis van jou Vader moet jy jou ten volle aan Sy gesag, naamlik Sy “huisreëls” onderwerp. Jy moet na Sy onderrig en instruksies (Torah) luister en daarvolgens lewe, want jy weet dit is wysheid en dit is alles vir jou eie welsyn en omdat Hy jou lief het. ‘n Gehoorsame kind deel in al die seëninge van die huis waarin hy bly, al maak hy soms foute weens swakhede en onkunde.

Die Vraag

Wat gebeur egter indien jy `n bepaalde sonde of sondes bly vertroetel? Anders gestel: Wat gebeur indien jy sekere dele van יהוה se onderrig en instruksies opsetlik verontagsaam of ontken dat dit op jou van toepassing is? Ek verwys nie na die feit dat hoewel jy weet wat reg is, doen jy dikwels weens jou swakhede die verkeerde nie. Nee, ek praat van dit wat jy weet wat reg is, en van dit wat duidelik ‘n opdrag van God is, en dan weier om dit te doen. Kan jy dan steeds aanvaar dat jy die onpartydige opregtheid van יהוה in Yeshua is? Is God se onverdiende guns van so ‘n aard dat Hy jou sonde sal oorsien en jou steeds as onpartydig en opreg sal beskou? Indien jy dit glo, dan mislei jy jouself!!

Alvorens hierdie vraag beantwoord kan word, moet jy eerstens weet wat sonde is, want soos reeds genoem, wil jy nie weer na jou wedergeboorte sondig nie! Die apostel Yoganan (Johannes) gee die antwoord in 1Joh. 3:4, naamlik:

> “maar elkeen wat sondig, breek die wet. Eintlik is sonde om sonder die wet te wees”.

Sonde is dus die oortreding van יהוה se wet, naamlik van Sy Torah – Sy onderrig en instruksies!

Daar is verskeie Skrifverwysings, soos ondermeer Gal. 5:19-21 en Kol. 3:5-9, wat ons waarsku dat indien ons sou voortgaan met die werke van die vlees, naamlik die oortreding van Torah, sal ons nie die Koninkryk van יהוה beërwe nie.

Onpartydige opregtheid is dus meer as net vertroue in die vergifnis van sonde deur die folterdood en opstanding van Yeshua. Dit vereis ook ‘n handeling van jou kant af! Dit vereis om יהוה se onpartydige opregtheid te ken en dit te doen. Die doen daarvan is nie om gered te word nie, maar omdat jy gered is! Die doen van Torah (die wet), soos dit in Yeshua vervolmaak is, is יהוה se onderrig in onpartydige opregtheid wat volg op redding deur vertroue in Yeshua as dié Gesalfde Een tot vergifnis van sonde.

Luister wat skryf Sha’ul (Paulus) in Rom. 6:16:

> Weet julle nie dat julle, aan wie julle ook al julself aanbied om gehoorsaam te wees, sy slaaf is om aan hom gehoorsaam te wees nie; òf dit die sonde, òf die onpartydige opregtheid is waarna jy luister?

Jy moet jouself as ‘n slaaf (dienskneg) tot beskikking van יהוה stel deur gehoorsaamheid aan Torah. Die onpartydige opregtheid van יהוה vereis gehoorsaamheid aan God!!! Alleenlik dan kan jy seker wees dat jy die onpartydige opregtheid van יהוה in Yeshua is.

Sonde, soos reeds genoem, is om ongehoorsaam te wees aan יהוה se onderrig en instruksies, naamlik Sy Torah (die wet). Indien jy dus aan sonde gehoorsaam is deur daarin te volhard, is jy die slaaf van die sonde en stel jy jouself tot beskikking as wapens vir boosheid tot sonde (Rom. 6:13). Dan sal jy die loon van die sonde ontvang, naamlik die dood (Rom. 6:23). Omrede jy egter in Yeshua vrygemaak is van sonde en jouself as dood vir die sonde beskou (Rom. 6:11), word jy ‘n slaaf van die onpartydige opregtheid van יהוה (Rom. 6:18). Daarom stel jy jou diensbaar aan die onpartydige opregtheid tot afgesonderdheid (heiligmaking)(Rom. 6:13 en 19). Sha’ul verduidelik dit soos volg in Rom. 6:13:

> Moet ook nie julle lede aanbied as wapens vir boosheid tot sonde nie, maar bied julleself aan vir God as mense wat uit die dood uit lewend is en julle lede sal wapens wees vir die onpartydige opregtheid van God.

Omrede jy die onpartydige opregtheid van יהוה in Yeshua is, moet jy lewe as iemand wat dood is vir die sonde (Rom. 6:11). Jy moenie toelaat dat die sonde, naamlik ongehoorsaamheid aan יהוה se onderrig en instruksies soos dit in Yeshua vervolmaak is, oor jou heers nie. Nee, sonde het nie meer die outoriteit oor jou nie, want jy is nie onder die geskrewe wet nie, maar onder onverdiende guns (Rom. 6:14). Die wet van die Gees van Lewe in Yeshua, dié Gesalfde Een, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood (Rom. 8:2). Deur die onverdiende guns in Yeshua staan jy dus onskuldig teenoor Torah (Kol. 2:14), maar dit gee jou nie ‘n vrypas om te sondig nie, naamlik om moedswillig ongehoorsaam te wees.

> Wat dan? Sal ons sonde doen omdat ons nie onder die geskrewe wet is nie, maar onder die onverdiende guns? ’n Verwerplike gedagte! Rom. 6:15.

Soos Sha’ul in sy brief aan die Romeine verduidelik, word ons alleenlik deur vertroue vrygespreek van sondeskuld en nie deur ons werke nie, maar hy stel dit ook duidelik in Rom. 3:31 dat ons vertroue kanselleer nie Torah nie!

> Kanselleer ons daardeur die geskrewe wet deur vertroue? ‘n Verwerplike gedagte! Inteendeel, ons bevestig die wet. Rom. 3:31.

Sonde bly steeds elke gelowige se verantwoordelikheid, naamlik die besluit om toe te gee aan sonde of om dit te weerstaan!

Ongehoorsaamheid aan יהוה se Torah is om wetteloosheid te beofen (ongeregtigheid te doen), naamlik om teen die wet te werk (Matt. 7:23; Matt. 13:40-43)! יהוה se onpartydige opregtheid vereis gehoorsaamheid en afgesonderdheid (heiligmaking) wat die uitvloeisel

(gevolg) is van vertroue in Yeshua, dié Gesalde Een, tot redding. Alleenlik deur vertroue, word jy onskuldig verklaar en nie uit die werke van die wet nie! Nadat Sha'ul dit in sy brief aan die Romeine verduidelik het, som hy dit soos volg op:

> Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat die mens onskuldig verklaar word deur vertroue en nie deur die doen van die geskrewe wet nie. Rom. 3:28

Maar soos reeds genoem, stel Sha'ul dit baie duidelik in Rom. 3:31 dat ons vertroue nie die geskrewe wet, naamlik Torah, kanselleer nie! Jy moet dus steeds die Torah, soos dit in Yeshua vervolmaak is, onderhou! Hoekom?

Eerstens leer Torah jou wat sonde is (Rom. 3:20). En tweedens is gehoorsaamheid aan Torah die bewys van vertroue en van jou begeerte om in die regte verhouding met God te lewe, naamlik as onpartydig en opreg in Yeshua. Geloof sonder gehoorsaamheid is nuttelose en dooie geloof (Jak. 2:14-20). Ons Vader Avraham is ons voorbeeld: Hy is onskuldig verklaar vanuit sy dade toe hy Yitz'gak (Isak) op die altaar gesit het. Sy vertroue het saamgewerk met sy werke en sy vertroue het volkome geword uit sy dade (Jak. 2:21-22). Op dié wyse is die Skrif vervul wat sê:

> **23** ..... "Avraham het God vertrou en dit is hom tot onpartydige opregtheid gereken en hy is 'n vriend van God genoem."
> **24** Sien julle dat die mens onskuldig verklaar word deur dade en nie alleen deur die 'geloof' nie? Jak. 2:23-24.

Avraham is die vader van almal wat vertrou (Rom. 4:11), maar nadat hy deur vertroue onpartydig en opreg verklaar is, het hy steeds na יהוה se stem geluister en Sy opdragte, Sy bevele, Sy vordeninge en Sy wette onderhou (Gen. 26:4-5).

Luister wat skryf Yoganan in 1Joh. 2:3-5:

> **3** Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer.
> **4** Hy wat sê: 'Ek ken Hom' en Sy opdragte nie uitvoer nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie,
> **5** maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is.

Die Pilare van יהוה se Onpartydige Opregtheid

Die basis, of pilare, van יהוה se onpartydige opregtheid, is die tien gebooie. Hierdie tien beginsels is die opsomming van wat יהוה verwag van die verhouding tussen Homself en die mens, en van die verhouding tussen mense onder mekaar. Hierdie tien beginsels omvat יהוה se onpartydige opregtheid. Die res van יהוה se onderrig en instruksies, soos in die Torah opgeteken is, is 'n uitbreiding en verduideliking van hierdie tien beginsels. Die tien gebooie, en die res van יהוה se onderrig en instruksies, is יהוה die Almagtige se onpartydige opregtheid. Om dit, soos dit in Yeshua vervolmaak is, te onderhou is gehoorsaamheid tot onpartydige opregtheid en afgesonderdheid!

In die lig van al die bogenoemde kan die vraag gevra word: Hoe kan daar dan verkondig word dat die wet, wat al יהוה se onderrig en instruksies is, opgehef is? Sal יהוה Sy onpartydige opregtheid ophef en dit tot niet verklaar? Sal God die werke wat die bewys van vertroue in Yeshua, dié Gesalfde Een is, tot niet verklaar? Nee, net so min as wat יהוה Sy onverdiende guns in Yeshua sal ophef!!

Deur vertroue in Yeshua as dié Gesalfde Een word jy wedergebore en deur gehoorsaamheid tot onpartydige opregtheid word jy verander om meer gelykvormig aan Yeshua, die Lewende Torah, te word.

Kom ons ondersoek enkele ander Skrifverwysings wat die betekenis van onpartydige opregtheid verder toelig:

Matt. 6:33 – "maar soek eerste die Koninkryk van God en Sy onpartydige opregtheid en al hierdie dinge sal ook vir julle bygesit word". My prioriteit moet dus wees:

- Om die Koning te ken en met respekvolle vrees Hom as die Oppergesag te erken.
- Om jouself aan die Koning van die Koninkryk te onderwerp. Dit is om aan al die wette van die Koning gehoorsaam te wees, want dit is wat onpartydige opregtheid vereis. Jy moet in alles gehoorsaam wees sodat daar geen aanklag teen jou ingebring kan word nie.
- Om met dankbaarheid te weet dat wanneer jy weens vleeslike swakheid nog sondig, is daar deur die onverdiende guns in Yeshua vergifnis wanneer jy ware berou het (1Joh. 1:9).

Rom. 14:17 – "want die Koninkryk van God is nie eet en drink nie, maar onpartydige opregtheid, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid in die Gees wat Afgesonderd is". יהוה se Koninkryk is Sy onpartydige opregtheid en in hierdie Koninkryk is Yeshua die Koning in wie ons moet vertrou en aan wie ons onderdanig moet wees sodat ons Sy vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid deelagtig kan wees.

1Tim. 6:11 – "maar jy, o man van God, ontsnap vanuit hierdie dinge en hardloop na onpartydige opregtheid, na regverdigheid, na vertroue, na liefde, na volhardende geduld en na nederige sagtheid". Ons moet onpartydige opregtheid najaag en dit doen. Dit is ons verantwoordelikheid. **2Tim. 2:22** bevestig dit: "Vlug weg van al die begeertes van die jeug, hardloop na onpartydige opregtheid, vertroue, liefde, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, saam met die wat hulle beroep op ons Meester met 'n suiwer verstand, wil en emosie".

Luk. 1:74-75 – "dat Hy ons sal red uit die hand van ons vyande en dat ons sonder vrees voor Hom sal aanbid, al ons dae, in regverdigheid, afgesonderdheid en onpartydige opregtheid". Ons moet elke dag sonder vrees יהוה in afgesonderdheid en onpartydige opregtheid aanbid.

Joh. 16:8 en 10 – **8** "Wanneer Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig aangaande sonde, aangaande onpartydige opregtheid en aangaande oordeel: **10** aangaande onpartydige opregtheid omdat Ek na My Vader toe gaan en julle My nie meer sal sien nie". Die Afgesonderde Gees leer ons en oortuig ons wat יהוה se onpartydige opregtheid is. Die doel van die Afgesonderde Skrifte is om ons te onderrig in onpartydige opregtheid sodat die Afgesonderde Gees ons kan lei, en die krag gee, om dit te doen. **2Tim. 3:16-17 – 16 "** Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir 'n kursus in onpartydige opregtheid **17** sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad".

2Kor. 6:7 en Ef. 6:14 beskryf onpartydige opregtheid as 'n wapen.

Hand. 13:7-10. Daar is vyande van onpartydige opregtheid. Daar is die wat יהוה se onpartydige opregtheid sal teëstaan. Daarom sal jy vervolging verduur terwille van onpartydige opregtheid. Jy sal vervolg word omrede jy aan יהוה se onderrig en instruksies gehoorsaam is. Jy word vervolg omrede jou dade regverdig is en die werke van die een wat jou vervolg is boos (1Joh. 3:12).

Slotsom

> Hierin word die kinders van God van die kinders van die teëstander onderskei: elkeen wat nie voortdurend onpartydig opreg is of sy broer voortdurend lief het nie, is nie van God nie. 1Joh. 3:10

Let op die woorde in hierdie teksvers: Elkeen wat nie voortdurend onpartydig en opreg is nie....! Deur vertroue word jy onpartydig en opreg verklaar en dan moet jy voortdurend die onpartydige opregtheid doen!! Onpartydige opregtheid is dus 'n aksie (handeling, dade). Die onpartydige opregtheid wat jy moet doen, moet egter יהוה se onpartydige opregtheid wees en nie jou eie nie!

Soos reeds genoem word יהוה se onpartydige opregtheid in die tien gebooie opgesom. Al tien gebooie is die onpartydige opregtheid wat elkeen wat deur vertroue in Yeshua onskuldig verklaar is, moet doen (onderhou). Indien jy nie al tien gebooie onderhou nie, doen jy nie onpartydige opregtheid nie, maar sonde en dit is wetteloosheid!

Dit gaan nie daaroor of jy al tien gebooie en die res van יהוה se onderrig en instruksies altyd perfek reg doen nie, maar wel oor jou begeerte om alle onpartydige opregtheid te wil doen omrede dit Vader-God se wil vir jou is en jy Hom lief het. Dit is jou wil wat jou gesindheid en onderdanigheid aan Vader se wil openbaar. Sy wette is nou in jou verstand gegee en op jou hart geskryf (Heb. 8:10). Jy het nou die hartsbegeerte om in gehoorsaamheid tot onpartydige opregtheid te lewe.

Jy struikel dikwels weens swakhede, maar die onverdiende guns van vergifnis wanneer jy met berou bely, is altyd daar. Jy is besig om in die onverdiende guns en kennis van jou Vader se onderrig en instruksies te groei en om die verborgenhede te leer ken van Vader-God en Yeshua (Kol. 2:2; 2Pet. 3:18). Dit is nie vir jou 'n las nie, maar יהוה se onderrig en instruksies bly jou vreugde, want die einddoel van jou vertroue is die redding van jou

siel (gees)(1Pet. 1:9). Deur die onverdiende guns van vertroue is jy vergewe en vrygemaak om onpartydige opregtheid tot afgesonderdheid te doen – 'n lewe uitgeroep en afgesonder vir יהוה.

Ek vra weer: Is jy steeds die onpartydige opregtheid van יהוה in Yeshua indien jy sekere dele van God se onderrig en instruksies opsetlik verontagsaam of ontken dat dit op jou van toepassing is? Wat daarvan as jy net nege van Sy tien gebooie hou en weier om een nie te hou nie? Wat daarvan as jy יהוה se voedselvoorskrifte en feestye as uitgedien beskou? Kan jy steeds aanvaar dat jy die onpartydige opregtheid van יהוה in Yeshua, dié Gesalfde Een, is? Is יהוה se onverdiende guns so groot dat hy jou sal "oorsien" en jou steeds as onpartydige en opreg (onskuldig) beskou, al weier jy om al Sy onpartydige opregtheid te doen? Sou jy my vra is my antwoord: Dit is alles of niks!! Gedeeltelike gehoorsaamheid is steeds ongehoorsaamheid. En so ook is ywer en goeie bedoelings nie 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie!!

Die grootste en ernstigste misleiding, is die misleiding van selfregverdiging, naamlik die oprigting van jou eie onpartydige opregtheid. Die gelykenis van die Fariseër en die Tollenaar is sprekend hiervan (Luk. 18:9-14). Daarom moet elkeen baie versigtig wees om nie sy eie onpartydige opregtheid op te rig nie (Rom. 10:2-3), maar seker te maak dat hy יהוה se onpartydige opregtheid ken en dit doen.

Ten einde te verseker dat jy deur Vader-God as onpartydig en opreg verklaar word, moet jy kan onderskei tussen Sy onpartydige opregtheid en eie onpartydige opregtheid wat sonde, naamlik wetteloosheid is. Die Torah soos dit in Yeshua, dié Gesalfde Een, vervolmaak is, onderrig ons in יהוה se onpartydige opregtheid. Dit is slegs wanneer jy `n dienaar van Sy onpartydige opregtheid word dat jy die onpartydige opregtheid van יהוה in Yeshua kan wees.

Is jy seker dat jy יהוה se onpartydige opregtheid ken en navolg, of het jy jou eie onpartydige opregtheid opgerig? Ondersoek jouself!! Jou ewige lewe hang daarvan af!!

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Shalom.
Johan.

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.